**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 JUNIE 2022 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. AW Rheeder | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. V Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(waarnemend)* |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN020/06/2022**<br>**OPENING EN VERWELKOMING**<br><br>Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk lees. Raadsheer De Vries open die vergadering met gebed.<br><br>*** | |
| **BKN021/06/2022**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4**<br><br>Direkteur Korporatiewe Dienste – vakansieverlof<br>Direkteur Gemeenskapsdienste – vakansieverlof<br>Bestuurder: Strategiese Dienste – vakansieverlof<br><br>*** | |
| **BKN022/06/2022**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>Die Direkteur Finansiële Dienste verklaar sy persoonlike belang by items **BKN034/06/2022 en BNK042/06/2022.**<br><br>*** | |
| **BKN023/06/2022**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 31 MEI 2022**<br>**3/3/2/2**<br><br>**BESLUIT**<br><br>Dat die notule van die vergadering soos gehou op Dinsdag 31 Mei 2022 bekragtig word.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER*** |
| **BKN024/06/2022**<br>**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 31 MEI 2022**<br><br>Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.<br><br>**BESLUIT**<br><br>Dat kennis geneem word dat probleme ondervind word met die IMIS-6 stelsel en dat die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 31 Mei 2022, nie versprei kon word nie.<br><br>*** | |

**BKN025/06/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN026/06/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks terugvoer.

**BESLUIT**

Dat die Interne Ouditeur 'n aparte register byhou vir diefstalle van Munisipale eiendom en dat 'n Direkteur verseker dat alle diefstalle by die SAPD aangemeld word vir ondersoek.

***

**BKN027/06/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

Hy wens alle leerders/studente sterkte toe met hul deelname aan Cravenweek asook Boland Rugby- en Netbal spanne.

LEED

Dat mev. A Beukes se broer oorlede is.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Sy lig die vergadering in dat die IDP Proses wat die Raad in Mei 2022 goedgekeur het, geadverteer was vir publieke kommentaar en dat geen insette ontvang is nie. Die prosesplan bly dus soos goedgekeur deur die Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN028/06/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: INCA**
**3/3/1/5**

Die Direkteur Finansiële Dienste stel die afvaardiging aan die vergadering bekend, waarna mnr. C Bouwer die visuele verslag voorlê aan die Raad ter kennisname.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met betrekking tot statistiek van toepassing op Bergrivier Munisipaliteit wat gebruik moet word in die verslag asook langtermyn effekte van lenings.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat INCA na die strategiese sessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Donderdag 11 Augustus 2022, genooi word.

**KENNIS GENEEM**

***

***(‘n Kort breek word vanaf 10:10 – 10:15 toegestaan)***

**BKN029/06/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: ETHICS AWARENESS: KING IV REPORT**
**3/3/1/5**

**BESLUIT**

Dat die voorlegging by die Raadsvergadering voorgehou word ter kennisname.

***

**BKN030/06/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN031/06/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SMALL TOWN REGENERATION PROGRAMME**
**9/1/2**
***(Die item word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder hou die item voor aan die Raad vir goedkeuring.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Option 1: Intergovernmental Forum be supported by Bergrivier Municipality; and

2. That the Municipal Manager be requested to inform SALGA accordingly.

***

**BKN032/06/2022**
**LIFTING THE MORATORIUM ON THE USE OF SPORTS FACILITIES TO HOST NON-SPORT EVENTS**
**17/1/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That the Bergrivier Sport and Recreation Association’s request to lift the moratorium and permit non-sporting events be approved, on condition that these events are only held in club houses or halls, and not in any way be held on, or infringe on, or causing damage to the playing surfaces of sports field.

***

**BKN033/06/2022**
**REVIEW OF BY-LAW OF THE IMPOUNDMENT OF ANIMALS**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die konsep verordening in beginsel goedkeur en dit na advertering weer voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad vir finale goedkeuring.

***

**BKN034/06/2022**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE VERKEERSBOETES**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer oor die invordering van verkeersboetes, of dit die moeite werd is en of die diensverskaffer kennisgewings aan die oortreders gestuur het.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat kennis geneem word van die Raadslede en Amptenare wat hul persoonlike belange verklaar het ten opsigte van hierdie item;
2. Dat kennis geneem word van die regstelling by punt 3 in die verslag, dat die bedrag 16 miljoen moet lees en nie 6 miljoen nie;
3. Dat Raadslede en Amptenare nie vrygestel word nie en hul boetes moet betaal;
4. Dat die Raad die afskryf van die uitstaande boetes as oninvorderbare skuld goedkeur;
5. Dat die diensverskaffer bewyse moet indien dat kennisgewings wel aan die oortreders gestuur was vir invordering; en
6. Dat die diensverskaffer TMT uitgenooi word om 'n voorlegging by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering te maak.

***

**BKN035/06/2022**
**PROPOSED ORGANISATIONAL STRUCTURE POLITICAL OFFICE BEARERS**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die item verwys word na die Munisipale Bestuurder vir afhandeling.

***

**BKN036/06/2022**
**WAARNEMINGSROOSTER 2022/23**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die regverdigheid van die indeling vir die kwartale.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Waarnemingsrooster 2022/23 goedgekeur word met die byvoeging

van die Direkteur Korporatiewe Dienste by kwartaal 4.

***

**BKN037/06/2022**
**KALENDER 2022/23 JUNIE 2022**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approve the draft Calendar for the 2022/23 financial year.

***

**BKN038/06/2022**
**REVIEW OF PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2022/2023 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approve the reviewed Performance and Audit Committee Charter.

***

**BKN039/06/2022**
**RISK MANAGEMENT POLICIES REVIEW FOR THE 2022/2023 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approve the reviewed Risk Management policies.

***

**BKN040/06/2022**
**REVIEW OF ANTI- FRAUD AND CORRUPTION POLICY**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approve the reviewed Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan).

***

**BKN041/06/2022**
**AANSTELLING VAN TRUSTEE VIR DIE ST HELENA BAY WATER QUALITY TRUST**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat Raadslid Johan Moolman aanbeveel word as Trustee van die St Helena Bay Water Quality Trust namens Bergrivier Munisipaliteit.

***

**BKN042/06/2022**
**AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE/HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vulling van die vakature vanaf 01 Augustus 2022 (of spoedig moontlik daarna) aanbeveel na die Raad vir goedkeuring;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;
3. Dat die konsep advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentifiseerde media; en
4. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen Vrydag 8 Julie 2022 hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Finansiële Dienste en die onmiddellike vulling van die vakature goedkeur (vanaf 1 Augustus 2022 of so spoedig moontlik daarna); en
2. Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur soos aangedui in paragraaf 6 in die item wat soos volg lees:

   In terme van die Regulasies bestaan die Aanstellingspaneel vir die Direkteurspos (artikel 56) uit die volgende persone:

   2.1 Die Munisipale Bestuurder
   Adv Hanlie Linde

   2.2 Lid van die Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die funksie (Finansies) Raadslid Jakobus Daniels

   2.3 'n Eksterne persoon met die relevante kennis en vaardighede (expertise)

   Die Munisipale Bestuurder sal in konsultasie met die Uitvoerende Burgemeester 'n geskikte persoon aanwys en uitnooi.

   'n Versoek in hierdie verband sal aan die Munisipale Bestuurder van die relevante Munisipaliteit gestuur word sodra daar op 'n kundige besluit is.

   Bo en behalwe die bogenoemde wetlike vereiste paneellede, word ook aanbeveel dat:

   2.4 Die Uitvoerende Burgemeester *ex efficio* deel uitmaak van die aanstellingspaneel (observerend);

   2.5 Dat elke ander politieke party verteenwoordig in die Raad 'n lid van die Staande Komitee van Finansies kan afvaardig om observerend

deel te neem aan die proses; en

2.6 Dat beide die amptelike vakbonde verteenwoordig in Bergrivier Munisipaliteit naamlik SAMWU en IMATU genooi word om 1 verteenwoordiger elk te benoem om observerend deel te neem aan die proses.

***

***(Die Bestuurder: Administrasie (waarnemend) sluit om 11:15 by die vergadering aan)***

**BKN043/06/2022**
**<u>VERSOEK OM MUNISIPALE GROND: ERF 2611 PIKETBERG</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat Erf 2611, Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie.
2. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae teen markverwante waardasie R70 000.00 + waardasie koste R 2300.00 + koste verbonde vir uitwys van erf penne ±R 3000.00 + Adverteringskoste R 3500.00 = R78 800.00 (BTW ingesluit);
3. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
4. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die eiendom se aansluiting by Munisipale Ingenieursdienste tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;
5. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne en dat 'n beraamde koste vir die uitwys van erfpenne deel vorm van die insetprys; en
6. Dat 1ste keer huis eienaars voorkeur kry en dit so in die tender aangedui word tydens advertering.

***

**BKN044/06/2022**
**<u>GRONDVERSOEK: ERF 1438, VELDDRIF</u>**
**V.1438; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die item terugverwys word vir verdere bespreking.

***

**BKN045/06/2022**
**VERSOEK OM GEDEELTE MUNISIPALE GROND TE HUUR: GEDEELTE VAN RESTANT PLAAS GROOTE FONTEIN NO.241, AFDELING, PIKETBERG (MEENT)**
**PLAAS NO.241**

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1.1 Dat die gedeelte van Restant Plase Groote Fontein No.241, Afdeling Piketberg (±60m x ±40m = ±2400m² groot) aangrensend tot Erf 3723, Piketberg, soos aangedui op Bylae A, nie benodig word vir minimum vlak Munisipale dienslewering nie;

1.2 Dat die Raad se intensie om ‘n gedeelte van Restant Plaas Groote Fontein No.241, Afdeling Piketberg (±60m x ±40m = ±2400m² groot) aan Agricol (huurders van aangrensende Erf 3723, Piketberg) te verhuur, vir die uitsluitlike doel om kleingraan en peulgewas proewe te plant vir bemarkingsdoeleindes teen R500 per jaar (BTW ingesluit) oor ‘n tydperk van drie jaar, geadverteer word;

1.3 Dat enige besware ontvang weer aan die Raad voorgelê word vir oorweging;

1.4 Indien geen beswaar / kommentaar ontvang nie, word die Munisipale Bestuurder gemagtig om die huurkontrak te sluit, onderhewig daaraan dat:

i) Geen strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;
ii) Die gedeelte grond vir die uitsluitlike doel om kleingraan en peulgewas proewe te plant vir bemarkingsdoeleindes verhuur word en geen vee op die grond aangehou mag word nie;
iii) Die huurder self verantwoordelik sal wees om water te verskaf vir die kleingraan gewasse wat aangeplant word (geen Munisipale dienste sal aan die gedeelte voorsien word nie);
iv) Die huurder self verantwoordelik sal wees om kampdrade aan te bring, waar nodig, asook die instandhouding daarvan behartig; en
v) Die grond netjies instant gehou word.

***
***(Die Stadsbeplanner: Oos verlaat die vergadering om 11:30)***

**BKN046/06/2022**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE SKULD: VERSOEKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die volgende rekeninge afgeskryf word:

1. Rekening 43854, ten bedrae van R2 928.47;
2. Rekening 346432, ten bedrae van R23 910.45;
3. Rekening 38269, ten bedrae van R24 628.90;
4. Rekening 39199, ten bedrae van R7 991.71;
5. Rekening 76095, ten bedrae van R34 715.17

6. Rekening 76884, ten bedrae van R50 683.59;
7. Rekening 74789, ten bedrae van R21 759.97.

***

**BKN047/06/2022**
**<u>AFSKRYWINGSVERSLAG DEERNIS OUER AS 90 DAE</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die afskrywing van Diensteskuld soos per die aangehegte lys ten bedrae van R1 644 709.81 wat ingevolge die deernis beleid as oninvorderbaar beskou word; en

2. Dat kennis geneem word van die feit dat die bedrae van die uitstaande skulde soos per die aangehegte lys (aangeheg as Bylae A) in ’n geringe mate kan verander en dat geen afskrywing meer sal beloop as wat die skuld op datum van goedkeuring van die afskrywing sal beloop nie.

***

**BKN048/06/2022**
**<u>GOEDKEURING VAN DIE LANGTERMYN FINANSIËLE PLAN</u>**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die onafhanklike finansiële analise asook die langtermyn finansiële plan;

2. Dat die langtermyn finansiële plan goedgekeur word; en

3. Dat die langtermyn finansiële plan jaarliks met die konsepbegroting hersien word.

***

**BKN049/06/2022**
**<u>PHOENIX VESTA ERP FINANSIËLE STELSEL – GOEDKEURING VAN MFMB ARTIKEL 33 KONTRAK</u>**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die proses wat gevolg is ten einde die langtermynkontrak tot stand te bring;

2. Dat die Raad kennis neem van die insette van die Provinsiale Tesourie en kennis neem dat COGTA asook die Nasionale Tesourie nie gereageer het nie;

3. Dat die Raad die aangaan van die Langtermynkontrak (Artikel 33 van die MFBW) ondersteun aangesien dit stabiliteit in finansiële bestuur asook bestuurstelsels sal verseker en finansieël voordelig vir die munisipaliteit sal wees;

4. Dat die kontrak aangeheg as aanhangsel “D” tot die verslag in geheel

goedgekeur word vir uitvoering; en

5. Dat magtiging aan die Munisipale Bestuurder verleen word vir die ondertekening van die kontrak aangeheg as aanhangsel "D" tot die verslag.

***

**BKN050/06/2022**
**<u>MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG): ADJUSTMENT OF PROJECT BUDGETS FOR 2021/2022 AND 2022/2023</u>**
**5/1/1; 5/9/3**
***(Die item, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

That the MIG projects' budgets for the 2021/2022 and 2022/2023 financial years be adjusted as follows and that the DPIP be updated accordingly:

**2021/2022 MIG Projects**

| | |
|---|---|
| St Christopher Sewer Pump Station and Rising Main* | R 2 917 227 |
| PV Upgrading of Roads | R 927 127 |
| AUR Sidewalks (Low Cost) | R 1 000 000 |
| AUR Roads and Stormwater | R 2 080 842 |
| RED Sidewalks (Low Cost) | R 1 000 000 |
| PV Sidewalks (Low Cost) | R 1 481 500 |
| VD Sidewalks (Low Cost) | R 2 869 623 |
| PB Sidewalks (Low Cost) | R 2 870 837 |
| EK Sidewalks (Low Cost) | R 1 930 144 |
| PMU | R 756 700 |
| | R17 834 000 |

*includes R 2,7M roll-over from 2020/2021

**2022/2023 MIG Projects**

| | |
|---|---|
| PB Roads and Stormwater* | R 984 073 |
| EK Roads and Stormwater* | R 2 861 900 |
| AUR Roads and Stormwater* (new tender) | R 2 378 484 |
| AUR Roads and Stormwater* (current multi-year contract) | R 491 693 |
| PB Reservoir | R 8 500 000 |
| PMU | R 800 850 |
| | R16 017 000 |

*registered MIG project

***

**BKN051/06/2022**
**<u>HCB PROPERTY VALUATIONS AND SERVICES (PTY) LTD – GOEDKEURING VAN LANGTERMYNKONTRAK ARTIKEL 33 MFBW</u>**
***(Die item, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die proses wat gevolg is ten einde die langtermynkontrak tot stand te bring;

2. Dat die Raad kennis neem van die insette van die Nasionale Tesourie;

3. Dat die Raad die aangaan van die Langtermynkontrak (Artikel 33 van die MFBW) ondersteun aangesien die inkomste vanuit eiendomsbelasting gevorder word deur die hef van eiendomsbelasting op eiendomme gelys in die Algemene Waardasie Rol, asook die Aanvullende Waardasie rolle vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2028 en dus bewese finansiële voordele vir die Raad inhou;

4. Dat die kontrak hierby aangeheg as aanhangsel "D" in geheel goedgekeur word vir uitvoering; en

5. Dat magtiging aan die Munisipale Bestuurder verleen word vir die ondertekening van die kontrak hierby aangeheg as aanhangsel "D" tot die verslag.

***

**BKN052/06/2022**
**AFSKRYF VAN ONAKTIEWE GROOTBOEK SALDO'S**
***(Die item word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELINGS DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag; en

2. Dat die Raad die onderstaande afskrywings goedkeur:

   2.1 Item 1: (R12 489.77) VT tjeks;
   2.2 Item 2: (R34 418,18) Geen kort kodes;
   2.3 Item 3: R2 840 552.99 Bedrog voorsiening;
   2.4 Item 4: R 19 754.85 Salaris verskille (2014/2015);
   2.5 Item 5: (R76 182,77) VD Behuising deposito's;
   2.6 Item 6: (R55 846,55) Hure vooruit ontvang;
   2.7 Item 7: R97 000,01 Cerebos; en
   2.8 Item 8: R 32 326,96 BTW van 2019.

***

**BKN053/06/2022**
**BERGRIVIER GOLDEN GAMES SOCIAL JOYFUL DAY: 21 JUNE 2022**
**17/7/B**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the Bergrivier Golden Games Social Joyful Day scheduled for Thursday, 21st of June 2022.

***

**BKN054/06/2022**
**OPGRADERING VAN N OTTO GEMEENSKAPSAAL 2021 – 2022**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die opgradering van die N Otto Gemeenskapsaal in Porterville.

***

**BKN055/06/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for April 2022.

***

**BKN056/06/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: APRIL 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the April 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R1 556.53 expenditure incurred during the month of April 2022 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***

**BKN057/06/2022**
**UITOEFENING VAN DELEGASIE 70 IN TERME VAN DIE GOEDGEKEURDE DELEGASIE REGISTER (SOOS GOEDGEKEUR NOVEMBER 2019)**
***(Die item, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die uitoefening van delegasie 70 deur die Munisipale Bestuurder na konsultasie met die Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***

**BKN058/06/2022**
**KERNWAARDES VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
***(Die item, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae F)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die verslag en dat alle insette voor einde Julie 2022 aan die Munisipale Bestuurder voorsien word vir oorweging/byvoeging.

***

**BKN059/06/2022**
**INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE STRATEGIESE PLAN 2021 – 2024**
**6/2/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in. Die waarnemende Bestuurder: Administrasie gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na die hantering van toekomstige IKT verwante krisisse.

**BESLUIT**

1. Dat die Informasie Kommunikasie Tegnologie (IKT) Strategiese plan aangeheg as bylae A tot die verslag goedgekeur word;
2. Dat die implementering van die inisiatiewe in die IKT Strategiese plan onderworpe is aan die goedkeuring van begrotings; en
3. Dat die IKT Strategiese plan jaarliks hersien word.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**BKN060/06/2022**
**HUMAN RESOURCES STRATEGIC PLAN**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat alle toepaslike Menslike Hulpbron beleide gelyktydig aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging so spoedig moontlik.

Die Bestuurder Menslike Hulpbronne meld dat die regulasies op 01 Julie 2022 in werking tree en dus geïmplementeer moet word. Hy wys ook die Komitee daarop dat daar nie gewag kan word vir die goedkeuring van ‘n beleid alvorens die regulasies geïmplementeer kan word nie.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die Munisipale Personeel Regulasies wat op 01 Julie 2022 in werking tree en die impak daarvan op Bergrivier Munisipaliteit;
2. Dat die nuwe Personeel Regulasies ingefaseer word saam met huidige beleide en prosesse as ‘n interim fase tot by goedkeuring van die betrokke beleide; en
3. Dat kennis geneem word van die Menslike Hulpbrondienste Strategiese Plan.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN061/06/2022**
**IMPLEMENTERING VAN MUNISIPALE PERSONEEL REGULASIES: WYSIGING VAN INDIENSNEMINGSBELEID**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die voorgestelde beleid;
2. Dat die status quo gehandhaaf word totdat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering die betrokke beleid goedkeur.
3. Dat die gewysigde Indiensnemingsbeleid weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê word vir oorweging.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN062/06/2022**
**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: AMENDMENT OF ACTING AND ADDITIONAL SERVICES RENDERED POLICY**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die voorgestelde beleid;
2. Dat die status quo gehandhaaf word totdat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering die betrokke beleid goedkeur.
3. Dat die "Acting and Additional Services Rendered Policy" weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê word vir oorweging.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN063/06/2022**
**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: APPROVAL OF PROBATION PERIOD POLICY**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die voorgestelde beleid;
2. Dat die status quo gehandhaaf word totdat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering die betrokke beleid goedkeur.
3. Dat die "Probationary Period Policy" weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê word vir oorweging.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN064/06/2022**
**SELFOON- EN DATA BELEID**
***(Die gewysigde beleid word ter tafel gelê – Bylae G)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die naam van die Mobiele Kommunikasie Beleid verander na Selfoon- en Data beleid;
2. Dat die gewysigde Selfoon- en Data Beleid deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word; en
3. Dat die Bestuurder: Administrasie (waarnemend) 'n nuwe verslag voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**BKN065/06/2022**

**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: COMPOSITION, ROLES AND RESPONSIBILITIES OF TRAINING COMMITTEE**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die verslag;
2. Dat die status quo gehandhaaf word totdat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering die samestelling van die Opleidingskomitee goedkeur.
3. Dat die item weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê word na die goedkeuring van die organigram.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN066/06/2022**

**SSEG TARIEF AANSOEK**

**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die SSEG Tarief aansoek goedkeur.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN067/06/2022**

**STADSBEPLANNING KOMMENTAAR RAKENDE OORWEGING VAN ESTETIESE REËLS VAN TOEPASSING OP RESIDENSIËLE EIENDOMME IN PORT OWEN**

**12/2/3/35**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die estetiese riglyne nie deur Bergrivier Munisipaliteit as 'n verordening hanteer word nie en ook nie by die huidige verordening gevoeg word nie;
2. Dat die Huis Eienaars Verenigings self 'n verteenwoordiger (argitek)

aanstel om te verseker dat bouplanne aan hul riglyne voldoen alvorens dit ingedien word by die Munisipaliteit; en

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit, waar bouplanne oorweeg moet word waar 'n Huis Eienaars Vereniging betrokke is, slegs die planne sal oorweeg indien skriftelik erken word dat die Huis Eienaars Vereniging die voorgenome planne ondersteun of dat hul stempel, of dié van hul verteenwoordiger, op die planne verskyn ter bevestiging van hul ondersteuning van die voorgenome planne.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN068/06/2022**
**<u>EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: MAY 2022</u>**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for May 2022.

***

**BKN069/06/2022**
**<u>"EXPRESS WI-FI IN PARTNERSHIP WITH FACEBOOK MUNICIPAL PROGRAM: CELL-C"</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat Facebook (Meta) die "Express Wi-Fi in Partnership with Facebook Municipal Program: Cell-C" gekanselleer het; en

2. Dat die goedgekeurde program nie uitgevoer kan word nie.

***

**BKN070/06/2022**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN071/06/2022**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN072/06/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN073/06/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN074/06/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN075/06/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:50***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***